Gauteng Onderwysdepartement

# Laerskool Elspark

Administratief: admin@elsies.co.za
Webwerf: laerskoolelspark.co.za
Posbus 12009 1418
Tel: (011) 893-2024/5

2026-04-23

Geagte Ouer/Voog

## OMSENDBRIEF NOMMER 1 VAN APRIL 2026

### WELKOM TERUG – MNR. PRETORIUS

Welkom terug by die skool. Ons vertrou dat u 'n aangename vakansie saam met u kinders geniet het. Ons kinders en personeel is reeds hard aan die werk en ouers hardloop reeds rond om almal oral betyds te kry.

Dankie weereens vir die ondersteuning wat u aan ons skool gaan gee in hierdie kwartaal. Mag die skool ook dan sover moontlik aan almal se verwagtings en eise voldoen.

***NB! – Vakansiedae - 2de kwartaal***

| | | |
|---|---|---|
| 27 April | - | Vryheidsdag |
| 1 Mei | - | Werkersdag |
| 15 Junie | - | Skoolvakansiedag |
| 16 Junie | - | Jeugdag |

***Let asb. daarop dat die skool Donderdag, 30 Mei 12:00 sal verdaag.***

### NASKOOL – ME McKENZIE

Let asb. daarop dat die naskoolsentrum op die volgende dae gesluit sal wees a.g.v. vakansiedae:

| | | |
|---|---|---|
| 27 April | - | Vryheidsdag |
| 1 Mei | - | Werkersdag |

Die naskoolsentrum funksioneer weer soos normaal vanaf 4 Mei 2026. Die sentrum sluit om 17:30 in die middae, ons versoek dat ouers asb. betyds leerlinge sal oplaai.

Gelde moet asb. vooraf betaal word. Alle agterstallige naskoolrekeninge moet ook vereffen word.

## EKSAMEN – ME Z. BRITZ

Die eksamen begin reeds 1 Junie 2026. Die afbakening en eksamenrooster sal in Mei aan die ouers uitgestuur word.

## WINTERSDRAG – MNR PRETORIUS

Tradisioneel begin ons met die dra van wintersdrag op 1 Mei. Leerlinge is dus welkom om vanaf 4 Mei, wanneer die skool heropen, hulle wintersdrag te begin dra. Daar sal 'n oorgangstydperk wees maar vanaf 18 Mei is wintersdrag verpligtend. Dit sluit dan ook die dra van 'n sweetpak op 'n Vrydag in.

Wintersdrag vir seuns:
Grys langbroek met blou skoolkouse en swart skoolskoene.
Wit langmouhemp met skooldas (Boonste knoop vas)
Blou skooltrui of "pullover" met swart wintersbaadjie of skoolblazer.

Wintersdrag vir dogters:
Grys langbroek met blou skoolkouse en swart skoolskoene
Wit langmouhemp met skooldas (Boonste knoop vas)
Blou skooltrui of "pullover" met swart wintersbaadjie of skoolblazer.
Dogters mag ook rompe saam met die wit hemp dra.

***Neem kennis***. Geen skoolsweetpakbaadjie of enige ander baadjie mag in die week gedra word saam met winterskIere nie.

Geen lang sykouse mag deur dogters gedra word nie. Skoene is verpligtend saam met wintersdrag. Geen tekkies.

## SKOOLGELDE – MNR PRETORIUS

**Kennisgewing:**
***Ons doen 'n dringende beroep op u om asb. seker te maak al u skoolgelde is op datum betaal. Skoolgelde is vooruitbetaalbaar.***

## ELSIE ENGELE – ME KOMEN

**Broodjies / Kospakkies**
Daagliks voorsien ons **toebroodjies aan ongeveer 50 behoeftige leerders**. Vir sommige van hierdie kinders is dit soms die **enigste maaltyd** wat hulle vir die dag ontvang. 'n Skooldag is lank, en 'n eenvoudige broodjie maak 'n wêreld van verskil.

Ons versoek ouers wat dit kan bekostig om **vir een dag kospakkies op eie onkoste voor te berei**. Elke bydrae, hoe klein ook al, help om 'n kind se dag ligter en hoopvoller te maak.

Ouers wat kan help met die toebroodjies, kan **Me. Celeste Komen** kontak by celeste@elsies.co.za of alternatiewelik die skeurstrokie voltooi en terugstuur.

## NOODHULP/BESERINGS – ME SMIT




## MINI-NETBAL – ME T. GROBLER

Die dogters is fluks aan die oefen om hulle vaardighede te verbeter.

Die datums vir die wedstryde is as volg:

| | | |
|---|---|---|
| 23 Mei | Mini- Netbaldag te Brentwoodpark (Weg) | 0/7, 0/8 en 0/9 A, B, C |
| 6 Junie | Mini-Netbaldag te Laerskool Westwood (Weg) | 0/7, 0/8 en 0/9 A, B, C |

Verdere datum sal deurgegee word sodra die skole dit bevestig.

## NETBAL – ME DU TOIT

Baie geluk aan Chriche J.v.Rensburg wat deur is na die finale rondte Gauteng netbalproewe. Ons is baie trots op jou.

***Liga datums:***

| | | |
|---|---|---|
| 22 April | vs Van Dyk (Weg) | O/9-O/13 A,B en C |
| 5 Mei | vs Baanbreker (Tuis) | O/9-O/13 A en B |
| 7 Mei | vs St. Dominics (Tuis) | O/9-O/13 A en B |
| 13 Mei | vs Concordia (Tuis) | O/9-O/13 A, B en C |
| 21 Mei | vs Goudrand (Weg) | O/9-O/12 A,B en C , O/13 slegs A en B |

## ROOIVALKIES – MNR PJ MULLER

Hier is ons Rooivalkie-datums wat voorlê – merk dit sommer nou in julle kalenders:



| | |
|---|---|
| 9 Mei | Laerskool Bredell |
| 16 Mei | Laerskool Northmead |
| 23 Mei | Laerskool Brentwood Park |
| 30 Mei | Laerskool Van Riebeeck Park |
| 6 Junie | Laerskool Westwood |

Ons sien baie uit na lekker wedstryde, spanbou en hope gees langs die veld! Dankie vir julle volgehoue ondersteuning – dit maak 'n groot verskil vir ons jong spelers.

Meer inligting sal volg soos elke datum nader kom. Laat weet gerus as daar enige vrae is.

## Rugby – MNR WEIDEMAN

***Wedstryddatums:***

Geen wedstryde volgende week
6 Mei liga teen Selection park (weg)

Rugby Oefening volgende week Dinsdag en Woensdag

## HENGEL – MNR PJ MULLER

Ons sien baie uit na ons volgende twee hengelkompetisies! Maak asseblief 'n nota van die datums:

9 Mei – Van Driel's, Vaaldam
6 Junie – Diskus Dam



Ons hoop om almal daar te sien vir lekker kompetisie, spanwerk en natuurlik baie pret langs die water. Julle ondersteuning en entoesiasme maak hierdie geleenthede besonders.

Meer besonderhede sal binnekort volg. Kontak gerus indien daar enige vrae is.

## BOOGSKIET – ME JACOBS

Neem kennis dat daar geen Boogskietoefening sal wees vanaf 23 – 27 Maart 2026.

***Belangrike datum***

| | |
|---|---|
| **9 Mei** | Elsies Kolle en 3D<br>Laerskool Elspark<br>Koste: R85 elk<br>Sluitingsdatum: 3 Mei |
| 16 Mei | Spartan Warries Kolle<br>Laerskool Bredell<br>Koste: R85<br>Sluitingsdatum: 10 Mei |
| 23 Mei | NG Kolle en 3D Widcrete (uitreën wedstryd van 18 April) word saam by Laerskool Witpoort geskiet. Almal moet vooraf inskryf vir beide die kompetisies. Koste is R85 per kompetisie, gelde van 18 April sal oorgedra word. |

Vir enige navrae kan u in verbinding tree met Me Jacobs op 082 458 4307 of AGSA-SA Elspark 064 682 0972.

## ELSIEWOOD EISTEDFODD – ME MITTON

**Elsiewood Eistedfodd - Vind plaas op 22 en 23 Junie 2026.**

Prospektus en inskrywingsvorm is in die algemene kantoor beskikbaar en inskrywingsfooi word by klasonderwyser inbetaal.

***NB! Indien u 'n internetbetaling doen, spesifiseer "Elsiewood" en stuur bewys tesame met die inskrywingsvorm na Me T Mitton tania@elsies.co.za) Sluitingsdatum vir inskrywings is 22 Mei.***

## AFRIKAANSE REDENAARS – ME B. NELL

**Interne Afrikaanse Redenaars deelnemers vir 2026**
Elke Graad gaan 'n klaskameruitdunne hou. Graad 4-7 leerders sal deelneem 4-7 Mei.

Suksesvolle sprekers sal 'n briefie ontvang om deel te neem aan 11 Mei se Interne Afrikaanse Redenaars. Die temas is:

| | |
|---|---|
| Graad 1-3 (2-4 min): | Huis<br>Pleister<br>Geraas |
| Graad 4-5 (3-5 min): | Koers<br>Kriewel<br>Sout |
| Graad 6-7 (4-6 Min): | Kies<br>Pronk<br>Rebelleer |

Toesprake word voorberei volgens die ATKV vereistes. Kom sê jou sê!

## JUNIORKOOR – ME B. NELL

Juniorkoor oefening: Elke Maandag 13:30-14:30 in die skoolsaal. Juniorkooroefening vir die kwartaal het reeds begin.

Neem asb. kennis dat daar Maandag , 11 Mei geen kooroefening sal wees nie a.g.v. die Redenaars uitdunne wat sal plaasvind in die saal en die media.

## SENIORKOOR – ME VAN STADEN

Baie dankie aan elke kind en ouer vir hulle positiewe gesindheid. Ons sien uit na al ons optredes.

***Optredes:***

1. ATKV: 12 Mei in Randburg
2. Dell Arte Kunswedstryd: 14 Augustus (nie seker oor venue)

3. Crescendo: 27 Augustus Laerskool Elspark
4. Super 12 – 3 September: Louw Geldenhuys
5. Germiston Kunswedstryd: 15 September Laerskool Elspark

### VOORTREKKERS – ME LAUBSHCER

Kom kuier saam en ontdek die pret by die Voortrekkers elke Vrydag van 16:00 tot 17:00! Daar is hope lekker aktiwiteite en nuwe avonture om te beleef. Bring gerus jou maats en familie saam – ons sien uit om julle daar te hê!

### KLEREBANK – ME S. VILJOEN

Ons het 'n groot tekort aan klein truie vir die klerebank, enige bydrae van ongebruikte klere sal opreg waardeer word.

### KOEKVERKOPING GR 3 + LSEN – ME LOURENS

Die koekverkoping wat sou plaasvind op 29 April word verskuif na Dinsdag, 5 Mei.

### VIRTUELE VERTONING – ME GROBLER

VR Education besoek ons skool op 29 Mei 2026 vir 'n asemrowende 4D vertoning.

Temas:

| | |
|---|---|
| Gr 1 | Dinosouruse |
| Gr 2 + Gr 3 | Safari |
| Gr 4 – Gr 7 | Planetarium |

Koste R40 per leerling en kan by die registerklasse inbetaal word voor of op 28 Mei 2026.

### FOTODAG – ME E. ERASMUS

Sportfoto's word 7 Mei geneem

- Rooi Valkies
- Mini-netbal
- Netbal
- Rugby





**Koste beloop R40 per foto. Betaal gelde by die klasvoog of EFT** duidelik gemerk **FOTO'S** (rugby/netbal) in u skoolrekening en stuur bewys na u kind se afrigter of klasvoog.

### LEIERFONDSINSAMELING : LEIERS 2026 – MEE NOVELLIE/MITTON

Ons leiers van 2026 hou 'n fondsinsamelingsprojek en ons vra dat u hulle asb. sal ondersteun. Dit beloof om 'n aand vol opwinding te wees!!!

**Wat:** "One Vision" (A Tribute to Neil Diamond, Freddie Mercury & Celine Dion)
**Waar:** Barnyard Theater Emperors Palace




**Wanneer:** 12 Junie om 19:00
**Koste:** R200 per persoon
**Besprekings:** Michelle Graham (072 888 3440)

Baie dankie vir u voortdurende ondersteuning hiermee.

Elsiegroete

R. Pretorius
Skoolhoof

---

**Skeurstrokie - Toebroodjies vir behoeftige leerlinge**

Ek ____________________ ouer/voog van ______________ in gr ___ is bereid om toebroodjies te maak vir 80 leerlinge ____ keer per kwartaal.

____________________________ ____________________________
Handtekening Kontaknommer